In die begin van 'skepping'

G.J. du Preez 072 1876 072

In die begin van skepping

Gen 1:1 בראשׁית ברא אלהים את ה שׁמים ואת ה ארץ׃

Gen 1:1 In the beginning 7225 ~~God~~ YAH430 created 1254 (853) the heaven 8064 and the earth. 776 (KJV)
Gen 1:1 IN THE beginning ~~God~~ YAH (prepared, formed, fashioned, and) created the heavens and the earth. (AMP)
Gen 1:1 In die begin het ~~God~~ YAH die hemel en die aarde geskape.

בראשׁית = **In die begin**

ברא = **Skep**

אלהים = **Skeppers** (Meer as een Skepper)

את = **Tesame**

ה = **Die**

שׁמים = **Hemel**

ואת ה = **En die**

ארץ׃ = **Aarde**

Spr. 8:27 בהכינו שׁמים שׁם אני בחוקו חוג על־פני תהום׃

Spr. 8:27 When he prepared3559 the heavens,8064 I589 *was* there:8033 when he set2710 a compass2329 upon5921 the face6440 of the depth:8415 (KJV)
Spr. 8:27 When He prepared the heavens, I [*Wisdom / YAH*] was there; when He drew a circle upon the face of the deep and stretched out the firmament over it, (AMP)
Spr 8:27 Toe Hy die hemele berei het, was Ek daar; toe Hy 'n kring afgetrek het op die oppervlakte van die wêreldvloed;

Job 26:10 חק־חג על־פני־מים עד־תכלית אור עם־חשׁך׃

Job 26:10 He hath compassed2328, 5921 the waters6440, 4325 with bounds,2706 until5704 the day216 and night2822 come to an end.8503 (KJV).
Job 26:10 He has placed an enclosing limit [*the horizon*] upon the waters at the boundary between light and darkness (AMP).
Job 26:10 Hy het 'n kring afgetrek oor die watervlakte tot waar lig en duisternis eindig.

Openbaring aan Henog

Voordat die sigbare gemaak was, het Lig (VADER) verskyn; maar Ek YAH, was omring deur daardie Lig (VADER); Ek was onsigbaar, maar tog het Lig (VADER) geskyn. Met 'n doel om sigbare te skep, moet daar 'n fondament wees om die sigbare moontlik te maak. Ek het uit die dieptes 'n onsigbare ontbied en hom sigbaar laat word.

Die gebiedende se naam was Adoil, geweldig in grootte en binne in hom was die Groot Eon (*Eon is 'n onmeetlike tydruimte binne Adoil).* Ek het bevel gegee dat Adoil, Eon moes baar sodat Ek in Eon sigbare dinge kan laat voortspruit. Adoil het die Groot Eon gebaar waarvan Lig in hom gebore was wat die hele skepping dra. Vandaar kon Ek voortgaan met My (YAH) skeppings-doel. Ek wat lig wou skep in Groot Eon, was met Lig (VADER) omhul, en deurdat lig uit Lig gebore word, het 'n groot tydperk verskyn. In daardie tydperk het die hele skepping homself vertoon wat Ek beplan het. Ek het gesien dat dit goed was.

Ek het vir Myself 'n Troon daar in Eon geplaas, maar aan Lig het ek gesê: Gaan hoër op en vestig jouself hoog bo die Troon en wees 'n fondament vir hoëre dinge, want bokant Lig (VADER) is daar niks.

Ek het uit die dieptes 'n tweede onsigbare ontbied en hom sigbaar laat word. Die gebiedende se naam was Aroegas, hard, swaar en donker (rooi). Ek het hom beveel om af te gaan en die fondament (duisternis) te wees van My skepping…….

Kom ons kyk in Joh 1:1 na die begrip ***"In die begin":*** 'Begin' het sy ontstaan binne in tyd en spasie gekry. Dus moes daar eers plek (Spasie)geskep gewees het sodat vloeibare, vaste en gas materie daarin geskep kon word. M.a.w. toe die aarde, planete en sterre (*materie*) hulle ontstaan gekry het (*in die 7 dae skepping*) moes daar tyd en spasie vir hulle geskep gewees het. Nou **"in die"** begin gee vir ons deur dat daar iets daarbinne in moes wees wat nou openbaar moet word in die opvolgende woorde: In die begin "*was*" . **"Was"** gee deur dat die begin nie eerste was nie en dus voor die skepping moes daar reeds spasie gewees het. In die begin was "*die Woord*". ***"Die Woord"*** moet verstaan word dat dit geestelik moet wees. As iemand woorde spreek sien jy nie die woorde nie, maar hoor en sien jy wel die resultate. In die begin was die Woord "***en die Woord***". "En die Woord" gee deur dat die Woord 'n bestaan het. In die begin was die Woord en ***die*** Woord "*was*". **"Was"** soos bo is ook die skeiding is tussen die hede en die verlede. In die begin was die Woord en die Woord was *"by ~~God~~ VADER"* . **"By VADER"** spreek dit vanself dat die Woord "by" dié Skepper was. In die begin was die Woord en die Woord was by ~~God~~ Skepper *"en die Woord"*. **"En die Woord"** Skepper het besluit en die Woord uitgespreek. In die begin was die Woord en die Woord was by ~~God~~ Skepper en die Woord *"was"*. ***"Was"*** wat beteken dat iets voor dit moes gewees het. In die begin was die Woord en die Woord was by ~~God~~ Skepper en die Woord was "*~~God~~ VADER"*. ***"VADER"*** wat vir ons die antwoord gee van die begin van die vers *m.a.w. In die begin was "VADER"*

*Joh.1:14 En dié Woord het vlees geword (*dit was YAHH-HU-SHA, verkort YAHUSHA wat beteken YAH - SHA / YAH ons LOSSER) 'YAH ons LOSSER' was by VADER, en 'YAH ons LOSSER' was 'n 'Hemelse Heerser'.
Joh.1:2 Hy ('YAH ons LOSSER') was in die begin by ~~God~~ dié "SKEPPER" (VADER).
Joh.1:3 Alle dinge het deur Hom ('YAH ons LOSSER') ontstaan, en sonder Hom ('YAH ons LOSSER') het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie.

Inkort 'n paar vrae en dan weer verse tot antwoorde.
Hoe het ons Skepper die wêreld geskape ?
Het ons Skepper dit geskep deur Sy woord (*Gespreek*)?
Indien ons Skepper Sy Woord gebruik het, was die Woord gees of vleeslik ?
Was die gesproke Woord van bo gees of vleeslik ?
Aan wie behoort die Woord van bo is dit aan die Skepper of Skepsel ?

YAHUSHA sê dat Hy dié Woord van VADER is.
Beteken dit dan nie dat die Woord van dié VADER (*Dié Skepsel*) is nie, m.a.w. dat YAHUSHA dié Skepsel van die SKEPPER is.
As jy sê dat die Woord die Skepsel is moet jy verstaan dat die wêreld geskape was deur die Woord.
As jy sê dat die Woord die Skepper is, wie het dan die Skepsel (*Woord*) geskape ?

Let nou mooi op wie die Hemelse Heersers en Skeppers is.

Die Woord van die lewe {AMP} 'YAH ons LOSSER' *1Joh. 1:1 wat van die begin af was, wat ons gehoor het, wat ons met ons oë gesien het, wat ons aanskou het en ons hande getas het, (*was Woorde) *aangaande van die lewe— :2 en die lewe is geopenbaar, en ons het dit gesien, en ons getuig en verkondig aan julle die ewige lewe wat by die VADER was en aan ons geopenbaar is— :3 wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle ook gemeenskap met ons kan hê; en ons gemeenskap is met die VADER en met SY Seun, ~~J*sus Christus~~ YAHUSHA dié Gesalfde.*
*1Pet 1:3 Geseënd is die ~~God~~ SKEPPER en VADER van onse ~~Here J*sus Christus~~ Meester YAHUSHA dié Gesalfde wat na Sy grote barmhartigheid ons die ~~wedergeboorte~~ geboorte van bo geskenk het tot 'n lewende hoop deur die opstanding van ~~J*sus Christus~~ YAHUSHA dié Gesalfde uit die dode,*

*2 Joh 1:3 ~~genade~~ guns, barmhartigheid, vrede sal met julle wees van ~~God~~ SKEPPER die VADER en van die ~~Here J*sus Christus~~ Meester YAHUSHA dié Gesalfde, die Seun van die VADER, in waarheid en liefde*

*Jud. 1:4 Want sekere mense het ingesluip wat lank tevore al opgeskryf is vir hierdie oordeel, ~~goddelose~~ bose mense wat die ~~genade~~ guns van onse ~~God~~ SKEPPER verander in ongebondenheid, en die ~~enigste Heerser~~ ontkenning (KJV) van ons ~~God~~ VADER (*HEERSER, SKEPPER*), en onse ~~Here J*sus Christus~~ Meester YAHUSHA dié Gesalfde verloën.*

*Open. 1:1 Die openbaring van ~~J*sus Christus~~ YAHUSHA dié Gesalfde wat ~~God~~ VADER Hom gegee het om aan Sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur, en wat Hy deur die sending van Sy ~~engel~~ boodskapper aan Sy dienskneg Johannes te kenne gegee het, :2 wat getuig het van die Woord van ~~God~~ VADER en die getuienis van ~~J*sus Christus~~ YAHUSHA dié Gesalfde alles wat hy gesien het.*

In kort oor vers twee.

Gen.1:2 והארץ היתה תהו ובהו וחשך על־פני תהום ורוח אלהים מרחפת על־פני המים׃

Gen 1:2 En die aarde was woes en leeg, en duisternis was op die wêreld vloed, en die Gees van ~~God~~ VADER het gesweef op die waters. (AOV)
Gen 1:2 And the earth [776] was [1961] without form, [8414] and void; [922] and darkness [2822] was upon [5921] the face [6440] of the deep. [8415] And the Spirit [7307] of ~~God~~ Creator [430] moved [7363] upon [5921] the face [6440] of the waters. [4325] (KJV)
*Gen 1:2 The earth was without form and an empty waste, and darkness was upon the face of the very great deep. The Spirit of ~~God~~ Creator was moving (*hovering, brooding*) over the face of the waters. (AMP)*
Hoor en verstaan mooi wat die vers vir ons deurgee.

Die <u>stof</u> (*waarvan die aarde uit moet voorkom*) was nog <u>sonder vorm</u> en latent (*wagtend*). Die <u>donkerte</u> was op die hele sigvlak van die <u>groot diepte</u>. Die Gees van VADER (YAH) sweef oor die <u>oppervlak</u> van die <u>waters</u>.
Die rou materiaal (*wat VADER vir YAH gegee het*) waarvan die aarde en ander planete uit moes voorkom was in die spasie wat VADER geskep het (Job.26:10; Spr.8:27; Jes.40:22). In die onbekende diepte was die ongevormde (*water en stof*) waar YAH oor geswewe het.

Nou kan ek die vrae vra soos: As die aarde woes en leeg was, was daar dan nog ‘n vaste aarde of was die aarde in totaal ‘n “modder massa” ? Indien ‘n modder massa; Kon dit nie ‘n vorm gehad het nie. As dit ‘n modder massa of vormloos was; Hoe ontdek geoloë volledige oerdier skelette uit ‘n niks? As die gelese vers sê dieptes kan dit een van twee dinge wees nl: ‘n Dam vol water het diepte en dieselfde dam sonder water het diepte; dus die kring (dam, spasie) wat deur VADER afgetrek was het HY vir SY Seun (YAH) toestemming gegee om te skep in daardie kring wat vol water was en waarvan SY Seun YAH oor geswewe het Ps.136:6; Jer.10:12,13.
So die evolusioniste wat miljoene jare in Gen.1:1 en 2 inbring wil nie die Skrif lees soos dit daar staan nie. Dus is dit nie vir hulle nie!